

Hemelvaart

Vorbereide leeswerk vir die aanbieder

Matteus 28: 16 - 20

Markus 16: 15 - 20

Lukas 24: 44 - 53

Johannes 21: 15 - 27

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

"Liquorice All Sort"-lekkers

Suurlemoensap

Oorstokkies

Kers

Pak rekkies

Lesinhoud

Die 11 dissipels is van Jerusalem af terug na Galilea. Hulle is na die Olyfberg waarheen Jesus hulle gestuur het en daar het hulle Hom gekry. Party van die dissipels was nog baie onseker oor wat gebeur het. Tog het hulle dadelik vir Jesus geloof en aanbid toe hulle Hom sien.

Vir oulaas het Jesus met sy dissipels gepraat en opdragte gegee. Vir Petrus het Hy drie maal gevra of Petrus Hom lief het. Dalk was hierdie drie vragies om Petrus te herinner dat hy Jesus drie keer verloën het, maar dat Jesus se vergiffenis baie verder as net drie keer se sonde strek. Jesus se opdragte aan Petrus was:

1. Laat My lammers wei
2. Pas My skape op en
3. Laat My skape wei.

Jesus het direk vir Petrus, die leier-dissipel, gesê: "Volg jy vir My!" Petrus het dikwels gestruikel op sy pad agter Jesus aan. Jesus het nie modelle gesoek toe Hy sy dissipels uitgekies het nie, hy het gewone mense gesoek wat deur Sy liefde verander kon word. Hy stuur nou Sy dissipels uit om vir die wêreld te vertel dat hierdie liefde vir almal beskikbaar is, ook vir die wat nie so suksesvol is nie.

Verder het Jesus aan die dissipels gesê dat die hele wêreld nou hulle sendingveld moes word. Mense wat tot geloof in Christus kom, sou gered word. Die dissipels moes hierdie mense doop in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

In Christus se naam moes die dissipels bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig – ook buite Jerusalem. Al die nasies moes dissipels van Christus word. Die dissipels moes hierdie

heidene leer om alles te doen net soos wat Christus sy dissipels geleer het wat reg en verkeerd was. Gehoorzaamheid aan God se Woord was baie belangrik. Daar is vandag nogsteeds oral in die wêreld sendelinge wat vir mense wat nog nooit van Jesus gehoor het nie die goeie nuus van Jesus se opstanding vertel. Hierdie sendelinge word aangevuur deur die vaste geloof dat Jesus se opstanding 'n werklikheid is.

Ten laaste belowe Jesus om 'n geskenke van Sy Vader God (die Heilige Gees) vir die dissipels te stuur. Jesus belowe dat Hy tot aan die einde van die wêreld by Sy volgelinge sou bly. Hierna het Hy Sy hande oor die dissipels uitgestrek en God se seën oor hulle gebid. Terwyl Jesus nog besig was om die dissipels te seën, het Hy na die hemel vertrek. Jesus se seënende hande was die laaste wat Sy dissipels van Hom gesien het. Ons glo Jesus is nou by God omdat sy aardse werk afgehandel is en Hy nou net soos God in die hemel verheerlik word.

Die apostels het op hulle kniëe neergeval en Jesus aanbid. Jesus is terug hemel toe om langs God op 'n ereplek te sit. Jesus was nie meer in Sy ligamlike vorm by hulle nie, maar hulle het iets gehad om na uit te sien, Sy geskenk aan hulle! Na die hemelvaart het die apostels opgewonde teruggestap na Jerusalem waar hulle in die tempel Jesus se boodskap aan almal vertel het. Die hartseer om totsiens te sê vir Jesus is vervang met die blydschap dat hulle weet Jesus is werklik God. Die Here self het hulle gehelp om mense van Jesus se boodskap te oortuig met baie wondertekens.

Vragies vir slim oortjies

- Wat het Jesus vir Petrus gesê om te doen? (Om Hom te volg).
- Hoe moes die dissipels nuwe Christene doop? (In die naam van die Vader en die Seun Jesus Christus en die Heilige Gees)
- Wat was die laaste beeld wat die dissipels van Jesus gesien het voor Hy opgevaar het? (Jesus se hande wat hulle seen).

Besprekingspunte

- Hoekom dink jy doop 'n dominee of pastoor iemand in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees? (Dit is hoe God in die Bybel sê ons mense moet doop).
- Wat is sendingwerk? (wanner jy ander mense vertel van Jesus se redding).
- Ken jy iemand wat 'n sendeling is? Waar?
- Waar kan mens oral sendingwerk doen? (Orals!).
- Is sendingwerk gevaarlik/lekker/'n lang vakansie/'n goedbetaalde werk? (Glad nie!).
- Is almal wat Christene is, ook sendelinge? (Ja, ons is elke dag sendelinge in ons alledaagse lewens, by die skool, die werk en die sportveld).

Lewensles

Ons moet dissipels maak van alle mense, waar ons ookal elke dag is!

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, ons weet U het opgevaar na die hemel, net soos wat ons weet U gaan U kinders weer kom haal. Dankie dat ons die versekering het dat U by ons is tot aan die einde van die wêreld.
Amen

Idees vir VET pret

“Licorice All Sorts”-lekkers. Die dissipels moes vir alle kleure en geure mense van Jesus gaan vertel. Nie net vir die Jode nie. “Licorice All Sorts” is lekkers wat jy kry in alle kleure, geure en vorms!

Kreatiewe aktiwiteit

Skryf die teksgedeelte Matteus 28: 20(b) met suurlemoensap en 'n oorstokkie op 'n stuk papier. Sien jy iets? (“En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”)

Hou nou die papier net bokant 'n kersvlam, die teks sal bruin verkleur. Ons kon nie die geskryf sien nie, maar tog was dit daar. Al kan ons nie vir Jesus “sien” nie, is Hy elke dag by ons!

Vers vir die week

Matteus 28: 19

“Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.”

Net vir die lekker

Sit rekkies om al die kinders se regter-hande en regter-bene (sodat hulle weet waar links en regs is vir die kleiner maats!) Laat die kinders handeviervoet staan. Gee opdragte soos: lig jou regter-arm, sit neer jou regter arm, lig jou linkerhand en lig jou regter-been, lig jou regter-been en lig jou regter-arm. Die idee is dat die maatjie nie mag omval nie. As die maatjie omval moet hy/sy bly lê en is die maatjie uit. Hou aan tot jy 'n paar wenners het. Hopelik skiet niemand hulself op die neus met 'n rekkie nie! Hierdie is net 'n moeilike speletjie, maar dit kan ons herinner aan hoe moeilik die werk van die dissipels was om ander te oortuig dat Jesus werklik opgestaan het.